

Inhoud Hierdie preek wys dat die nagmaal 'n teken van die nuwe verbond is wat Christus in effek stel en in ons lewe laat werk. In die nuwe verbond onderneem God dat Hy ons God sal wees en dat Hy, nie ons nie, sal sorg dat ons sy kinders sal wees wat Hom liefhet. Die nagmaal kan nie 'n teken wees van die ou kontrakverhouding waarin ons moet gehoorsaam wees om geseën te word en nie ongehoorsaam moet wees om nie vervloek te word nie. (Deuteronomium 28) Wie die nagmaal 'n teken van die ou kontrakverhouding met God maak, gebruik die nagmaal onvanpas en stel homself daarmee onder die vloek van die ou kontrakverhouding met God. Wie in die nagmaal met die tekens van brood en wyn hul vereniging en eenheid met Jesus se menswees in die hemel ontvang, gebruik die nagmaal gepas en leef in die seëninge van die nuwe verbond wat die Here met sy bloed beseël.

Skriflesing 1 Korintiërs 11: 23 – 29; Esegël 36: 24 – 28; Deuteronomium 28: 1, 2, 14 – 16.

Teks 1 Kor. 11:15: “Net so het die Here na die maaltyd die beker geneem, en gesê: “Hierdie beker is die nuwe verbond wat deur my bloed beseël is.

Tema Christus laat ons deel in God se nuwe verbond

1. Die kinders! Kyk gou na jou pa en ma se hande! Wat sien julle het hulle aan hulle een vinger? Dit is 'n trou- en verloofring! Hoekom dink julle dra hulle hierdie ringe? Party van die ouers hier dra dit tot wanneer hulle gaan slaap en haal dit nooit af nie.

Dink julle hulle dra hierdie ringe om te wys hulle is goeie vriende of hulle het 'n mooi en goeie verhouding? Nee! Dit is baie meer as sommerknet 'n vriendskapsring. Dit is 'n verloof- en trouing. Met die trouing het hulle hulself vir mekaar gegee om altyd vir mekaar man en vrou te wees, nie goeie vriende met 'n goeie verhouding te wees nie.

Watter gevoel kry 'n mens wanneer jy jou self in jou liefde openlik vir 'n vrou gee en hulle reageer só: “Kom ons wees net goeie vriende!” of “Ons kan nog goeie vriende wees as jy wil en nog steeds 'n goeie verhouding met mekaar hê, niks meer nie?”

Hoe gaan jy reageer as jy 'n spesiale geleentheid skep en vir haar met 'n verloofring jouself en jou liefde gee, en sy reageer deur te sê: “Laat dit 'n teken wees van ons vriendskap en ek sal dit dra om te wys ons het 'n verhouding, niks meer nie?”

Die verklaring van vriendskap en 'n goeie verhouding is niks anders nie as die verwerping van die liefde wat gegee word nie.

2. Met die nagmaalsbeker gee Christus Homself aan sy dissipels om baie meer as net 'n leier en volgeling, 'n leermeester en dissipel, 'n geestelike vader en geestelike aanhangers van mekaar te wees.

Die beker wat Christus in die nagmaal gee is nie maar net 'n vriendskapsbeker, 'n dissipelskapsbeker of 'n geestelike beker vir 'n mooi geestelike verhouding met mekaar nie. Die nagmaalsbeker is nie maar net 'n kuierbeker vir gesellige samesyn nie.

“Hierdie beker is die nuwe verbond wat deur my bloed beseël is.”

Wie hierdie beker as 'n vriendskapsbeker, 'n dissipelskapsbeker of 'n beker van 'n geestelike verhouding aanvaar, maak met die Here presies soos wat 'n vrou met 'n man maak wat sê: “Laat dit 'n teken van ons goeie verhouding wees.” Dit is niks anders nie as 'n verwerping om deel van die nuwe verbond van God te wees wat deur die bloed van Christus beseël is.

3. Wat is die nuwe verbond van die nagmaalsbeker?

Om te kan weet wat die nuwe verbond is, moet 'n mens eers weet wat is die ou verbond? Dit is verskriklik maklik. Die ou verbond is die verbond soos gestel in Deuteronomium 28. Hierdie verbond bestaan uit hierdie twee dele: “As jy luister na die Here jou God, sal al hierdie seëninge oor jou kom en jou lewe verryk.” (28: 2) en “As jy nie luister na die Here jou God nie en jy gehoorsaam nie al sy gebooie wat ek jou vandag gee, en jy leef nie daarvolgens nie, sal al hierdie strawwe oor jou kom.” (28:15)

Hierdie ou verbond is niks anders as 'n kontrak tussen God en mense nie. 'n Kontrak wat so werk: “As jy dan, sal Ek, en niks meer as dit nie.” Daarom is hierdie ou verbond eintlik 'n ooreenkoms van 'n goeie vriendskap wat só werk: As jy met goeie vriend is, sal ek ook jou goeie vriend wees, niks meer as dit nie.

Dit nuwe verbond is baie meer as net 'n goeie verhouding! Die nuwe verbond wat deur die Here se bloed beseël word, is die verbond soos openbaar in Esegïel 36: 24 – 28. Hierdie verbond is nie meer 'n kontrak nie. Dit werk glad nie meer so: “as jy, dan sal ek nie.” In hierdie nuwe verbond onderneem God dat Hy sal God wees en sorg dat jy sal wees wie jy moet wees. Hy sal sorg dat Hy God is en Hý sal sorg dat ons sy kinders is en leef soos sy kinders moet leef.

Ons kan dit toelig met 'n voorbeeld. Wanneer 'n man en vrou besluit om kinders te hê is dit totaal iets anders as om te besluit hulle wil met kinders 'n goeie verhouding hê. Hulle verwek 'n kind wat nie bestaan het voor hulle hom verwek het nie en dan tree hierdie besondere verbintenis in: Ek sal jou ouer wees en sorg dat jy my kind is”. Dit is die uitdaging van ouerskap. Ek moet sorg om ouer te wees en ook my kind my goeie kind laat wees. Dit is totaal iets anders as om net 'n goeie verhouding met 'n kind te hê.

Christus laat ons deel in God se nuwe verbond

Só onderneem God in die nuwe verbond dat Hy sal God wees en Hy sal sorg dat ons sy kinders is en as sy kinders leef. Die nagmaalsbeker is teken van hierdie nuwe verbond. Die nagmaalsbeker is nie 'n teken van die ou verbond nie.

4. Met hierdie nuwe verbond sit ons aan die een kant met 'n geweldige groot probleem. In die ou verbond kon jy jouself kontraktueel deel van die verbond gemaak het. Jy kon onderneem het wat jy sal doen sodat God jou moet seën en onderneem om nie te doen nie sodat God jou nie moet vervloek nie. So kon jy met God 'n verhouding begin het en met God 'n goeie geestelike verhouding gehad het.

Maar met die nuwe verbond kan jy nie met jou eie ondernemings deel word van die verbond en in die verbond leef nie, want dit werk nie as 'n kontrak waartoe jy jouself kan verbind nie. In hierdie verbond onderneem God dat Hy sal God wees en Hy sal jou sy kind maak en laat wees, sonder dat jy dit kan onderneem.

Hoe word jy deel van hierdie verbond wat nie 'n geestelike kontrak met God is nie?

Dit is die bedoeling van die instellingswoorde van die Here in die nagmaal: "Hierdie beker is die nuwe verbond wat deur my bloed beseël is." Om te beseël beteken om in effek te stel en te laat werk. Dit is soos met die beseëling van 'n testament. Christus, en net Christus alleen, stel hierdie nuwe verbond vir mense in effek en laat hierdie nuwe verbond vir hulle waar en werkend in hulle lewe wees.

Hy alleen sluit jou in hierdie verbond in en Hy alleen laat hierdie verbond vir jou waar word. Dit doen die Here Jesus deur die verbond met sy bloed te beseël. Dit beteken dat die Here jou verenig met wie Hy is en wat Hy met sy bloed gedoen het.

Met sy bloed het Hy die veroordeling, vervloeking, straf en verwerping van die ou verbond op Hom geneem sodat jy in die seëninge van die nuwe verbond kan deel soos Paulus dit in Galasiërs 3 verduidelik: Hy word vir jou die vervloekte in jou plek sodat jy die geseënde kind van God in sy plek kan wees.

5. Wat is die beker?

Die nagmaalsbeker is nie die beseëling van die nuwe verbond nie. Die nuwe verbond word deur die Here se bloed beseël, nie die nagmaalsbeker nie.

Die nagmaalsbeker is die teken waarmee die Here ons insluit en deel van sy bloed laat wees! Dit is soos 'n man 'n trouring aan 'n vrou gee. Met hierdie trouring gee Hy homself aan haar om verenig te wees in wie hy as man is. Dit is wat die Here met die nagmaalsbeker en ook die brood doen. Hy gee Homself as die een wat die nuwe verbond met sy bloed beseël het om met Hom in wie Hy is en wat Hy met sy bloed gedoen het, verenig te wees.

Christus laat ons deel in God se nuwe verbond

Daarom is daar 'n gepaste wyse en onvanpaste wyse waarop jy hierdie beker en brood kan ontvang!

In die teken met jy Christus ontvang soos Hy Homself gee!

Kyk hoe beskryf die apostel die gepaste wyse om die nagmaal te ontvang self! "Maar elkeen moet eers homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink, want hy wat dit eet en drink sonder om te beseef dat dit die liggaam van die Here is, bring daardeur 'n oordeel oor homself." 1 Kor. 11: 28, 29

In die nagmaal gee die Here Homself aan ons om met Hom as mens in te hemel verenig te wees. Hy sluit ons in in sy geboorte wat ons heilig laat wees, in sy lyding waarin Hy die veroordeelde in ons plek is en ons verheerlikte kinders van God in sy plek is, in sy kruisiging waarin Hy die vervloekte en ons die geseëndes is, in sy dood waarin Hy die gestrafte en ons die beloondes is en in sy hel waarin hy die verwerpte en ons die is wat aangeneem is.

Dit is wie ons aanvaar met die beker van die nagmaal om die teken wat ons gegee word gepas te ontvang. Ons ontvang Christus in hierdie teken deur ons vereniging met Hom as mens in die hemel te aanvaar en só te aanvaar Hy laat die nuwe verbond van God met ons werk.

6. Wat is die onvanpaste wyse waarop mense hierdie teken ontvang?

Dit is soos met 'n vrou wat 'n trouing wat gegee word 'n ring van vriendskap maak! Wie van die beker van die nuwe verbond wat die Here met sy bloed beseël 'n vriendskapsbeker, 'n dissipelskapsbeker of 'n beker van 'n mooi geestelike verhouding met die Here maak, gebruik die nagmaal onvanpas.

Want deur dit só te gebruik, verwerp jy wat Christus jou gee. Hy gee nie 'n vriendskap, dissipelskap of 'n geestelike verhouding nie, maar gee die vereniging met Hom in wie Hy as mens in die hemel vir en in jou plek vir jou is!

Dit is onvanpas omdat jy die teken van die nuwe verbond verander om 'n teken van die ou verbond te word. Jy maak die teken van die nuwe verbond 'n teken van hoe jy jou hart vir God gee, jou sondes bely, jou lewe vir God gee, weer tot 'n oorgawe gekom het, weer tot bekering gekom het sodat God jou weer sal liefhê, goed vir jou wees en jou weer sal seën.

Op hierdie wyse word die nagmaal eintlik dan elke keer 'n kontrakhernuwing omdat jy aanhoudend nie die kontrakverhouding met God onderhou nie.

7. Wie die nagmaal onvanpas gebruik, eet en drink 'n oordeel oor homself!

Hierdie woorde van die apostel word of verkeerd gepreek en geglo, of totaal geïgnoreer. Ons mag nie hierdie gedeelte ignoreer wat hy uitwys as die oordeel wat jy oor jouself bring wanneer jy die nagmaal onvanpas gebruik nie. “Daarom is daar is daar baie swakkes en sieklikes onder julle en sterf daar baie van julle. As ons onself vooraf reg ondersoek het, sou ons nie onder die oordeel gekom het nie.” (1 Kor. 11: 30)

Wat bedoel Paulus?

Dit is 'n eenvoudige saak. Wie die nagmaal 'n teken van die ou verbond maak en nie as teken van die nuwe verbond wat deur die Here se bloed beseël is nie, ontvang nie, eet en drink 'n oordeel oor homself.

Dit gaan nie oor magie nie! So asof die nagmaal 'n goddelike krag is wat oordele oor jou bring as jy dit nie magies reg gebruik nie. So asof 'n kar jou net nou gaan omry of 'n weerlig straal jou gaan tref wanneer jy nie die nagmaal reg gebruik nie.

Wanneer jy die nagmaal 'n teken van die ou verbond maak, dan stel jy jouself onder die ou verbond van God wat só werk volgens Deuteronomium 28: “As ek die gebooie onderhou sal God my seën en as ek die gebooie oortree, sal God my vervloek.” Só maak jy van die teken van die nuwe verbond vir jouself die teken van God se ou verbond, van 'n kontrak wat jy weer met God sluit. En met hierdie geestelike kontrak wat jy met God sluit, plaas jy jouself onder God se vloek, want jy sal en gaan hierdie geestelike kontrak breek en dan moet God jou volgens jou kontrak met God veroordeel.

8. U mag nie u self vanoggend met hierdie teken onder die oordeel van God plaas nie.

U mag nie die volgende in en deur die nagmaal doen nie:

- Ek gee myself opnuut weer oor aan die Here en die tekens wys dat God my oorgawe aanvaar.
- Ek ondersoek myself en erken en bely my sondes en die tekens wys my god vergeef my omdat ek my sondes erken en bely.
- Ek gee my hart en lewe vir God en die tekens wys God aanvaar hierdie offer wat ek Hom gee.
- Ek nooi God in my lewe in en hierdie teken wys dat God in my lewe inkom deur my uitnodiging.
- Ek doen dit alles en die tekens wys dat god my daarom seën.

Christus laat ons deel in God se nuwe verbond

Gebruik u die teken so, dan maak u die beker van die nuwe verbond wat deur die bloed van Christus, tekens van die ou verbond wat u met God aangaan wat deur u geestelike dae beseël word.

En as u met hierdie teken 'n mooi goeie geestelike verhouding, u dissipelskap en u vriendskap met God beseël, sal God jou volgens jou verbond met God vervloek.

9. Dit is hoe kinders vandag deur die kindernagmaal onder die vloek van God geplaas word!

Hoe gebruik kinders vandag die kindernagmaal in kerke?

Die predikers maak van die beker van die Here vir die kinders 'n vriendskapsbeker, 'n dissipelskapsbeker en 'n beker van hulle mooi geestelike verhouding met die Here!

Dit word só vir hulle gepreek! Hulle kan vanoggend hulle hartjies vir Liewe Jesus gee, hulle kan vandag Jesus in hulle lewe innooi, hulle kan vanoggend deur Jesus aangeneem word as sy kinders, hulle moet vanoggend hulle sondes bely en erken en dan sal Jesus hulle liefhê, aanneem, aanvaar en vir hulle goed wees.

Dit is hoe die kindernagmaal bedoel is om te wees: as 'n maaltyd van vriendskap met Jesus!

En dit is dan so mooi, so fraai so oulik om te sien hoe die kindertjies die nagmaal gebruik? Hoe gebruik? As 'n teken van die ou verbond waardeur hierdie kindertjies hulle self onder die oordeel van die ou verbond stel met en deur die innigheid van predikers en hul ouers!

Daarom mag ons nie die kinders hierdie teken laat gebruik voor hulle nie kan ontvang wat die Here vir hulle in hierdie teken gee nie: ons vereniging met sy menswees in die hemel vandag. Daarmee is hulle nie uit die nuwe verbond uitgesluit nie, want die doop is juis die teken dat hulle in die nuwe verbond ingesluit is. Hulle kan nog net nie die nagmaal gepas ontvang nie. Dit kan hulle alleen as hulle onderrig is om in en deur die teken hul vereniging met Christus as mens in die hemel te kan ontvang.

Ons gaan nooit hierdie beker vir die kinders gee as 'n vriendskapsbeker, 'n dissipelskapsbeker of 'n beker van 'n mooi geestelike verhouding met God nie. Ons gaan nie kinders wie Hy in sy nuwe verbond insluit onder die ou kontrakverbond met God plaas nie. Daarvoor het ons hulle te lief.

10. Kom ons ontvang Christus hoe Hy Homself in hierdie tekens gee!

Christus laat ons deel in God se nuwe verbond

Kom ons ontvang ontvang ons verenging met Hom as mens in die hemel wie met sy bloed vir ons die nuwe verbond beseël.

Kom ons ontvang Hom as die Here wat ons insluit deur sy liggaam as mens in die hemel in die nuwe verbond.

Kom ons ontvang Hom as die Enigste Een wat die nuwe verbond vir ons in ons lewe laat werk.

Kom ons verwerp die ou verbond vir ons en ons kinders as 'n kontrak waardeur ons net onself onder God se oordeel kan plaas.